

## BOEKBESPREKING.

**The Moabites** by A. H. van Zyl, M.A., D.D.,  
Senior lecturer of Semitic languages,  
University of Pretoria (South Africa).  
Leiden, E. J. Brill, 1960.

Hierdie boek is ontstaan uit 'n in Afrikaans geskrywe proefskrif vir die graad D.D. Dit is hier en daar verkort en in Engels vertaal. Dit het 'n interessante en belangrike boek geword. Reeds lank bestaan daar 'n boek oor die Edomiete (van Buhl, in 1893). 'n Spesiaalstudie oor die Ammoniete is in bewerking. Hier is 'n boek oor die Moabiete! Tot nog toe was die Ou Testament ons enigste kenbron insake die Moabiete, en die skrywer versamel in die eerste plek hierdie bybelse gegewens. Hierby kom ook Bileam ter sprake. By die bewering dat „the first nucleus of the songs, which is ascribed to him, was altered before it was written down” mis ek argumentering daarvan. Dat die oorspronklike woorde van Bileam nie in Israël bekend geword het nie, is kras uitgedruk. Noordtzijsê: „Hoe . . . Bileams uitspraken tot Israëls kennis kwamen, wordt ons niet medegedeeld”. Dit blyk egter dikwels dat die ou

volke baie van mekaar te wete gekom het. Dis daarom nie nodig om die uitsprake van Bileam na die tyd van Ehud te verskuif nie. Dat die uitsprake van Bileam nodig was ter wille van die spotlied en die lied van die put (Num. 21:27-30 en 18) is m.i. 'n te eng gespesialiseerde verklaring. Na die bybelse bronne word die nuwe genoem. Vreiers die Moabitiese self. Dit is veral die Mesasteen Mesa word ook in die Ou Testament genoem. Die teks van die Mesasteen, reeds dikwels uitgegee en bewerk, word weer noukeurig bekyk. Dit het my aandag getrek dat die skrywer r-j-t (rijjat) vertaal met „sacrifice of atonement”. Vervolgens kom die spykerskriftekste ter sprake. Na 'n topografie wat ek nie kan en ook nie wil kontroleer sonder om self so 'n ondersoek in te stel nie, volg nou op grond van die gegewens die hoofbestanddeel van die boek: die geskiedenis van die Moabiete. Die bybelse gegewens bly hierby maar belangrik en word deur die buitenbybelse toegelg. Daar bly vrae oorstaan!

Die interessantste deel van die boek vind ek die taalkundige deel. Op grond van die

Mesasteen blyk baie te kan afgelei word omtrent 'n moabitiese grammatika (bl. 161-192); ook dat hypoteses in 'n Semitiese taalwetenskap tot nou toe aangeneem, ontoereikend is (bl. 189). Aangesien so baie vraestukke in die „kanoniek” opgelos word met chronologies-taalkundige argumente, is dit belangrik om te onthou dat uit die Mesasteen blyk dat die merkwaardige imperfectvorm van h-l-k nie langer as „exclusively late” (of digterlik) kan beskou word

nie. (bl. 163). Die boek eindig met 'n hoofstuk oor die godsdiens van die Moabiete en met „indexes”.

Hierdie boek is 'n waardevolle bydrae tot die kennis van die geskiedenis, beskrywe in die Ou Testament en van die Semitiese taalwetenskap. Ons kan die skrywer, wat inmiddels benoem is tot professor in die Semitiese tale aan die Universiteit van Suid-Afrika, hiermee van harte gelukwens.

Prof. J. H. KROEZE.